



# NICOGAN 750 WG

Reg No L 8701 Act / Wet 36 of 1947

N-AR 1198

A wettable granule selective post-emergence herbicide for the control of certain grasses and some broadleaf weeds in maize

'n Benatbare korrel selektiewe na-opkom onkruidoder vir die beheer van sekere grasse en sommige breëblaaronkruide in mielies

**HRAC GROUP CODE HERBICIDE**

**B**

**HRAC GROEPKODE ONKRUIDDODER**

## ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL

Nicosulfuron (sulfonyl urea)

750 g / kg

Nicosulfuron (sulfonielureum)

## NET MASS / NETTO MASSA

..... kg

## REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER

MAKHTESHIM-AGAN SA (PTY) LTD

Reg no 1992/001741/07

21 Viben Street

BRACKENFELL

7561

Tel (021) 982 1460

Fax (021) 982 5810

Batch number .....

Lotnommer

Date of Manufacture .....

Datum van Vervaardiging

UN No / Nr: 3077



**CAUTION  
VERSIGTIG**



Group III

## WARNINGS:

Withholding period: (Minimum number of days between last application and harvest)

Maize.....60 days

- The product may be irritating to eyes, nose, throat and skin
- Store in a cool, dry place away from food, feeds, seeds and other agricultural products
- Keep under lock and key out of reach of children, uninformed persons and animals
- **Re-entry:** Do not enter treated field until spray deposit has dried off unless wearing protective clothing
- It is important to adhere to the recommended dosage rate and application timing. Failing to do so might lead to serious crop damage

**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water; compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of weeds against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier or registration holder in the event of any uncertainty.**

## PRECAUTIONS:

- Do not inhale dust or spray mist
- Wear a face shield and rubber gloves when handling the granules
- In the event of eye contact wash eyes immediately with clean running water. In the event of skin contact wash with soap and cold water. Remove contaminated clothing and wash with soap and water.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.
- Avoid the drift of spray onto susceptible crops, grazing, rivers, dams or any other area that is not under treatment
- Wash yourself and your work clothes after handling this product
- Shake out the container over the hopper of the applicator to ensure it is completely empty. Rinse the empty container three times with a volume of at least 10 % of the container and throw the rinsings into the spray tank.. Perforate and flatten the container and do not re-use it for any other purpose.

Clean the applicator in the following way:

- Drain tank completely and flush tank and whole system with clean water
- Fill the spray tank with water and add a 3 % household ammonia solution at a rate of 1,0 l ammonia solution to 100 l water. Circulate this mixture for at least 15 minutes through the spraying system. Drain the system completely.
- Fill with clean water and rinse to clear ammonia
- Fill the tank again with the water and ammonia mixture and repeat the process
- The wash water should be thrown out where it will not contaminate food, feeds, grazing, rivers, dams or any other area that is not under treatment.

## RESISTANCE WARNING:

For resistance management NICOGAN 750 WG is a group code B herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to NICOGAN 750 WG or other group code B herbicides. The resistance individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. NICOGAN 750 SC or any other group code B herbicide will not control these resistant weeds.

To delay the occurrence of herbicide resistance, the following can be done:

- Avoid the exclusive repeated use of herbicides from the same group code. Alternate with registered herbicides from different group codes.
- Integrate with other control methods (chemical, cultural, biological) in weed control programmes

for specific information regarding resistance management, contact the registration holder of this product.

## USE RESTRICTIONS:

- Temporary yellowing or stunting of the crop can occur where certain adverse climatic conditions like lengthy wet and cold periods prevail soon after application
- The residual action of NICOGAN 750 WG in the soil is dependant on the application rate used, soil pH, clay and organic matter content and climatic conditions.

The following waiting periods (before a susceptible crop can be planted) should be adhered to:

Crops	Soil pH < 7 Months	Soil pH > 7 Months
Maize	0	0
Barley, Oats, Wheat, Dry beans, Soya beans, Sunflower	8	12
Sorghum and all other crops	12	24

- NICOGAN 750 WG has a limited residual effect on germinating weeds after application
- NICOGAN 750 WG spray mixture should never be kept for long periods eg, overnight. Sufficient spray mixture to be sprayed out immediately should be prepared
- NICOGAN 750 WG should not be applied to maize which is subjected to any stress conditions.
- Use only high quality water for dilution

## COMPATIBILITY:

- NEVER apply NICOGAN 750 WG in a tank mixture with any organophosphate or within 14 days before or after such an application. Where an in-furrow treatment with an organophosphate was done at planting.
- NICOGAN 750 WG is compatible with ATRANEX 500 SC (Reg No L5352) and ATRANEX 900 WG (Reg No L8138)

## DIRECTIONS FOR USE

Use only as directed:

### MIXING:

- Mix the required quantity of NICOGAN 750 WG with a small amount of water to a smooth cream without any remaining granules.
- Half fill the spray tank with clean water and add the creamed NICOGAN 750 WG through a sieve into the spray tank while agitating. Fill the spray tank with water while agitating. Add the required volume of a suitable adjuvant (eg MCW EOS) and mix thoroughly with the spray solution. It is important to note that agitation should be kept up during mixing as well as application.

### APPLICATION:

Application can be done by means of any suitable medium or high volume applicator provided it is able to distribute the spray mixture evenly over the target area, it is fitted with an efficient agitation system and that it is calibrated correctly. It is recommended that at least 200 ℓ spray mixture per ha should be used to ensure a thorough wetting of the target weeds.

### APPLICATION RATES:

CROP	APPLICATION RATE	REMARKS
MAIZE (excluding seedmaize, sweetcorn, popcorn)	NICOGAN 750 WG 60 g / ha + 0,5 % MCW EOS (or other suitable adjuvant at registered rate)	Early post-emergence application:  <b>Please refer to listed cultivars in TABLE 1 for permitted use as an early post-emergence application</b> Apply post-emergence over the top of young maize plants in the 2 – 5 leaf stage of maize cultivars listed in TABLE 1. Weeds should be growing actively at application time and should not exceed the growth stages as indicated below.  Late post-emergent application:  Apply as a directed spray making use of drop arms when the maize is in the 7 – 10 leaf stage. Do not spray over the top and into the funnels of maize plants. Ensure thorough coverage of the target weeds. Ensure that the weeds are growing actively at time of application.  IMPORTANT NOTES: Do not apply NICOGAN 750 WG in combination with an organophosphate insecticide or where an organophosphate was applied in the furrow at planting as it can cause serious crop damage. A cultivation 10 days before or after application of NICOGAN 750 WG may cause regrowth of <i>Sorghum</i> spp.

TABLE 1: Maize cultivars tolerant to NICOGAN 750 WG when applied over the top of plants in the 2 – 5 leaf stage

Yellow Cultivars	White Cultivars
PAN 6000 Bt; PAN 6012 Bt; PAN6804, PAN 6114, PAN 6118, PAN 6026, PAN 6710, PAN 6734, PAN 6730, PAN 6364, PAN 6740, PAN 6310, PAN 6316, PAN 6314 Bt, PAN 6326 RR, PAN 6036 Bt, PAN 6480, PAN 6256, PAN 6616, PAN 6614, PAN 6568, PAN 6966	PAN 6011, PAN 6017, PAN 6615, PAN 6832, PAN 6013 Bt, PAN 6825, PAN 6845, PAN 6029, PAN 6757, PAN 6061, PAN 413, PAN 67
PHB 31 B13, PHB 33 A63, PHB 3335, PHB 33 A14, PHB 33 P66, PHB 3223, PHB 3394	PHB 32 Y 52, PHB 32 H 39, PHB 3203

The following weeds species are normally controlled post-emergence by NICOGAN 750 WG.

BOTANICAL NAME Grasses	COMMON NAME	MAXIMUM STAGE AT APPLICATION
<i>Panicum schinzii</i>	sweet buffalo grass	up to tillering
<i>Rottboelia conchinchinensis</i>	guinea fowl grass	1 – 4 leaves
<i>Setaria pallide-fusca</i>	red bristle grass	1 – 4 leaves
<i>Sorghum bicolour subsp arundiaceum</i>	common wild sorghum	1 – 7 leaves
<i>Sorghum bicolour subsp drummondi</i>	wild grain sorghum	1 – 7 leaves
<i>Sorghum halepense</i>	Johnsonsgrass	1 – 7 leaves
Broad leaf weeds		
<i>Amarnathus deflexus</i>	perennial pigweed	2 – 4 leaves
<i>Amarnathus thunbergii</i>	red pigweed	2 – 4 leaves
<i>Datura stramonium</i>	thorn apple	2 – 4 leaves
<i>Schkuhria pinnata</i>	dwarf marigold	2 – 3 leaves
<i>Tagetes minuta</i>	khaki weed	2 – 4 leaves
<i>Tribulus terrestris</i>	devils thorn	2 – 4 leaves

## WAARSKUWING:

Onthoudingsperiode: (Minimum aantal dae verloop tussen toediening en oes):

Mielies..... 60 dae

- Die produk mag irriterend vir die oë, neus, keel en vel wees
- Stoor in 'n koel, droë plek weg van voedsel, voer, saad en ander landbouchemiese produkte
- Hou onder slot en grendel buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere
- **Herbetreding:** Moet nie die behandelde gebied betree voor die spuitneerslag droog is tensy beskermende oorklere gedra word.
- Dit is belangrik om by die aanbevole toedieningshoeveelheid en toedieningstye te hou. Versuim om dit te doen mag tot ernstige gewasskade lei.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens en dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim deur die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.**

## VOORSORGMAATREËLS:

- Moet nie stof of spuitmis inasem nie
- Dra 'n gesigskerm en rubberhandskoene wanneer die korrels hanteer word
- In die geval van oogkontak moet die oë onmiddellik met skoon, lopende water uitgewas word. In die geval van velkontak was met koue water en seep. Verwyder besoedelde klere en was met water en seep.
- Verhoed kontaminasie van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei
- Verhoed dat die spuitmengsel wegdryf na gevoelige gewasse, weiding, riviere, damme of enige ander gebiede wat nie onder behandeling is nie.
- Was u self en u werksklere na hierdie produk hanteer is.
- Skud die houer deeglik uit oor die opening in die spuitenk om te verseker dat dit heeltemal leeg is. Spoel daarna die leë houer drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan minstens 10 % van die volume van die houer. Gooi die spoelwater in die spuitenk. Vernietig die leë houer deur gate daarin te maak en plat te druk. Moet die leë houer vir geen ander doel gebruik nie.
- Maak die spuitapparaat deeglik skoon deur die volgende prosedure te volg:
- Dreineer die spuitenk geheel en al en spoel die tenk en die hele sisteem uit met skoon water.
- Vul die spuitenk met water en voeg 'n 3 % huishoudelike ammoniak oplossing by teen 1,0 l per 100 l water. Sirkuleer die mengsel vir tenminste 15 minute deur die spuitsisteem. Dreineer die sisteem geheel en al.
- Vul die sisteem weer met skoon water en spoel uit om van ammoniak ontslae te raak.
- Vul die spuitenk weer met water en ammoniak mengsel en herhaal die proses.

- gooi die waswater uit waar dit nie voedsel, voer, weiding, riviere, damme of enige gebied wat nie ander behandeling is sal besoedel nie.

#### WEERSTANDSWAARSKUWING:

NICOGAN 750 WG word vir die bestuur van weerstand as 'n groepkode B onkruidodder geklassifiseer. Enige onkruidpopulasie mag individue bevat wat 'n natuurlike weerstand teen NICOGAN 750 WG of enige ander groepkode B onkruidodders het. Hierdie weerstandbiedende individue kan uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers as hierdie onkruidodders aanhoudend gebruik word. NICOGAN 750 WG of enige ander groepkode B onkruidodder sal nie hierdie weerstandbiedende onkruid beheer nie. Om die voorkoms van weerstand te vertraag kan die volgende stappe geneem word:

- Vermyn die eksklusiewe aanhoudende gebruik van onkruidodders van dieselfde groepkode. Wissel af met geregistreerde onkruidodders van ander groepkodes
- Integreer met ander beheermetodes (chemiese, landboukundige, biologiese) in onkruidodderbeheerprogramme

Vir spesifieke inligting rakende weerstandsbestuur kan die registrasiehouer van hierdie produk geskakel word.

#### GEBRUIKSBEPERKINGS:

- Tydelike vergeling of verdwering van die gewas mag voorkom as ongunstige klimaatstoestande soos lang koue en nat periodes voorkom kort na toediening.
- Die nawerkinsperiode van NICOGAN 750 WG in die grond hang af van die hoeveelheid toegedien, die pH van die grond, klei- en organiese inhoud van die grond en klimaatstoestande.

Die volgende wagperiodes voor 'n gevoelige gewas aangeplant kan word, moet toepas word:

Gewasse	Grond pH < 7 Maande	Grond pH > 7 Maande
Mielies	0	0
Droëbone, Gars, Hawer, Koring, Sojabone en Sonneblom	8	12
Sorgum en alle ander gewasse	12	24

- NICOGAN 750 WG het 'n beperkte effek op onkruid wat na 'n toediening ontkiem
- NICOGAN 750 WG spuitmengsel moet nooit vir lang periodes bv oornag, toegelaat word om oor te staan nie. Slegs genoegsame spuitmengsel wat dadelik uitgespuit gaan word, moet aangemaak word.
- NICOGAN 750 WG moet nie in mielies wat onderhewig is aan enige stremmingstoestande toegedien word nie.
- Gebruik slegs water van 'n hoë kwaliteit vir verdunning

#### VERENIGBAARHEID:

- NICOGAN 750 WG moet nooit in 'n tenkmengsel met of binne 14 dae voor of 14 dae na toediening met 'n organofosfaat toegedien word nie. Moet ook nie NICOGAN 750 WG toedien waar 'n organofosfaat insekdoder met plant toegedien is nie.
- NICOGAN 750 WG is verenigbaar met ATRANEX 500 SC (Reg No L 5352) en ATRANEX 90 WG (Reg No L 8138)

#### GEBRUIKSAANWYSINGS:

Gebruik slegs soos aangedui

#### VERMENGING:

Meng die benodigde hoeveelheid NICOGAN 750 WG met 'n klein hoeveelheid water om 'n gladde room te vorm sonder enige oorblywende korrels. Maak die spuittenk halfvol met skoon water en voeg die verroomde NICOGAN 750 WG deur 'n sif in die spuittenk, terwyl geroer word. Vul die spuittenk met water terwyl geroer word. Voeg 'n geskikte bevorderingsmiddel, soos bv MCW EOS teen die aanbevole toedieningshoeveelheid by die spuitmengsel en vermeng goed. Dit is belangrik om daarop te let dat die spuitmengsel gedurig geroer moet word tydens vermenging en toediening.

#### TOEDIENING:

Toediening kan geskied deur middel van enige geskikte medium of hoë volume spuitapparaat mits dit in staat is om die spuitmengsel eweredig oor die teikenoppervlak te versprei, dit toegerus is met 'n doeltreffende roermeganise en dit korrek gekalibreer is. Dit word aanbeveel dat minstens 200 l spuitmengsel per ha gebruik word om 'n eweredige benatting van die teikenoppervlak te verseker.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE:

GEWAS	TOEDIENINGS-HOEVEELHEID	OPMERKINGS
<p>MIELIES (uitgesluit saadmielies, suikermielies en springmielies)</p>	<p>NICOGAN 750 WG 60 g / ha 0,5 % + MCW EOS (of ander bevorderingsmiddel teen geregistreerde hoeveelheid)</p>	<p>Vroeë na-opkom toediening:</p> <p><b>Verwys na onderstaande tabel 1 vir kultivars wat gelys is maar ‘n vroeë na-opkom toediening mag plaasvind.</b></p> <p>Dien na-opkom bo-oor jong mielieplantjies in die 2 – 5 blaar stadium toe op kultivars soos in Tabel 1 gelys is. Onkruid moet aktief groei tydens toediening en moet nie die groeistadiums soos hieronder aangedui, oorskry nie.</p> <p>Laat na-opkom toediening:</p> <p>Dien as ‘n gerigte bespuiting deur middel van valarms toe as die mielies in die 7 – 10 blaar stadium is. Moet nie bo-oor die mielies of in die kelke daarvan spuit nie. Verseker deeglike bedekking van teikenonkruid wat aktief groei.</p> <p><b>BELANGRIK:</b> Moet nie NICOGAN 750 WG in tenkmengsels met of as ‘n opvolgbehandeling met organofosfate, wat in die plantvoor gedoen is tydens plant, gebruik nie. Ernstige gewasskade mag hierdeur veroorsaak word.</p> <p>‘n Bewerking binne 10 voor of 10 dae na die toediening van NICOGAN 750 WG mag hergroei van <i>Sorghum spp</i> tot gevolg hê.</p>

TABEL 1: Mielie kultivars wat verdraagsaam is teenoor NICOGAN 750 WG as dit bo-oor die mielies in die 2 – 5 blaarstadium toegedien word

Geel Kultivars	Wit Kultivars
<p>PAN 6000 Bt; PAN 6012 Bt; PAN6804, PAN 6114, PAN 6118, PAN 6026, PAN 6710, PAN 6734, PAN 6730, PAN 6364, PAN 6740, PAN 6310, PAN 6316, PAN 6314 Bt, PAN 6326 RR, PAN 6036 Bt, PAN 6480, PAN 6256, PAN 6616, PAN 6614, PAN 6568, PAN 6966</p>	<p>PAN 6011, PAN 6017, PAN 6615, PAN 6832, PAN 6013 Bt, PAN 6825, PAN 6845, PAN 6029, PAN 6757, PAN 6061, PAN 413, PAN 67</p>
<p>PHB 31 B13, PHB 33 A63, PHB 3335, PHB 33 A14, PHB 33 P66, PHB 3223, PHB 3394</p>	<p>PHB 32 Y 52, PHB 32 H 39, PHB 3203</p>

Onkruid wat normaalweg na-opkom deur NICOGAN 750 WG beheer word:

BOTANIESE NAAM Grasse	ALGEMENE NAAM	MAKSIMUM GROEISTADIUM TYDENS TOEDIENING
<i>Panicum schinzii</i>	soetgras	tot stoelvorming
<i>Rottboelia conchinchinensis</i>	tarentaalgras	1 – 4 blaar
<i>Setaria pallide-fusca</i>	rooiborselgras	1 – 4 blaar
<i>Sorghum bicolour subsp arundiaceum</i>	gewone wildesorghum	1 – 7 blaar
<i>Sorghum bicolour subsp drummondi</i>	wilde sorghum	1 – 7 blaar
<i>Sorghum halepense</i>	Johnsonsgras	1 – 7 blaar
Breëblare		
<i>Amarnathus deflexus</i>	meerjarige misbredie	2 – 4 blaar
<i>Amarnathus thunbergii</i>	rooi misbredie	2 – 4 blaar
<i>Datura stramonium</i>	olieboom	2 – 4 blaar
<i>Schkuhria pinnata</i>	klein kakiebos	2 – 3 blaar
<i>Tagetes minuta</i>	lang kakiebos	2 – 4 blaar
<i>Tribulus terrestris</i>	dubbeltjie	2 – 4 blaar